WOENSDAG 6 MEI 2020

Lees die ondestaande VOLKSVERHAAL aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg. LETTERKUNDE BOEK

# Van Hunks en die Duiwel

ANNARI VAN DER MERWI



**Prelees – groepbespreking**

- Kyk na die illustrasie. Sê waar hierdie verhaal afspeel en hoekom jy so sê.
- Is Van Hunks 'n bekende Suid-Afrikaanse van?

## Die verhaal

In die tyd toe daar nog net 'n handjievol huise teen die hange van Tafelberg gestaan het, meer daar op 'n goeie dag 'n groot seilskip in Tafelbaaihawe vas.

Die kaai staan toe van die mense – visventers, vrugtesmouse, deftige burgers en 'n paar kleinboere; selfs die beuelblaser van die Kasteel is daar. Almal is nuuskierig, want met 'n skip kom daar altyd iets om na te kyk en iets om oor te praat.

Die reisigers stroom aan wal toe die loopplank neergelaat word. Hulle loop 'n bietjie windskeef, want ná al die maande op see is hulle nie meer gewoond aan vaste aarde nie. Die mense wil net teleurgesteld omdraai, want dié keer het die boot niks buitengewoons gebring nie, toe 'n groot, bonkige man op die dek verskyn. 'n Siddering gaan deur die skare. "Dis Van Hunks!" fluister iemand.

"Maar kyk hoe lyk hy nou!" sê 'n ander. "Laas was hy 'n slonsige matroos. En kyk nou – fyn satyn. Verbeel jou!"

Van Hunks gaan eenkant staan terwyl sy bagasie afgedra word: drie tamaai trommels en 'n swart kissie wat hy die hele tyd in die oog hou. Toe sit die groot seeman sy hoë hoed op en stap tussen die mense deur. Hy kyk nie links of regs nie.

"Dis waar wat hulle sê," sê een van die burgers. "Hy móét 'n seerower geword het. Wat anders as skatte kan in daardie swart kissie wees?"

Van Hunks verdwyn in die gedrang op die Parade, met die sewe stuks wat sy bagasie dra kort op sy hakke. Hy stop nie, maar stap vasberade aan in die rigting van Windberg, want een van die huisies teen die hang is syne.

Van dié dag af is Van Hunks selde op straat gesien, en nooit meer by die hawe nie. Die mense sê hy's bang 'n boot bring dalk eendag iemand wat hy beroof het. Of, beweer hulle, hy is bang vroeëre drinkebroers wil geld by hom leen of hom teruglok na die kroeë waar hy so graag rondgehang het.

Van Hunks het liewer teen Windberg uitgeklim en daar vanuit die hoogte die hawe en die baai dopgehou. Met sy eenoog-verkyker het hy ure in die verte getuur. Dan het hy sy verkyker neergesit en sy kromsteelpyp gevat en lui-lui wit kringe rook uitgeblaas.

Die mense het al van Van Hunks begin vergeet toe hy op 'n dag weer bo-op Windberg die tyd sit en verwyl met sy verkyker en sy pyp. Skielik besef hy iemand

staan agter hom. Van Hunks swaai om. En waarlik, daar staan 'n man met 'n swart punthoed en 'n fyn swart bokbaardjie wat baie lyk op 'n vent met wie hy vroeër menige glasie geklink het. Van Hunks skrik effens.

Maar toe die man baie beleef sê: "Dag, mynheer Van Hunks," ontspan hy en begin gesels. Hy vergeet skoon om die besoeker se naam te vra.

Van Hunks het lanklaas met iemand gesels en kan nie ophou praat nie. Die vreemdeling luister net, sy oë op skrefies getrek. Skemeraand sê hy tot siens en verdwyn, sonder dat Van Hunks oplet in watter rigting.

'n Paar dae later sit Van Hunks weer bo-op Windberg toe die man met die swart punthoed en bokbaardjie skielik agter hom sê: "Hoe gaan dit vandag, mynheer Van Hunks?"

"Eersteklas, eersteklas," sê Van Hunks, lig sy hoë hoed en raak weer aan die gesels. Maar vandag spog hy ook tussendeur – oor hoeveel seë hy bevaar het en hoeveel skatte hy gebuit het en hoeveel vaatjies rum hy huis toe gebring het.

Die vreemde man luister aandagtig. Hy knik net af en toe sy kop, en skemeraand verdwyn hy weer so stil soos hy gekom het.

Dis 'n besonder warm dag toe Van Hunks weer bo-op Windberg sit. Hy rook maar net, te lui om die eenoog-verkyker op te neem.

"Mynheer Van Hunks," sê die nou bekende stem van die vreemdeling skielik langs hom, "mag ek maar 'n pypie saam met jou rook?"

Van Hunks vererg hom, want hy verkies om alleen te rook. Sy eie pyptabak is besonder sterk en geurig en hy blaas die mooiste rookkringe in die ganse Kaap.

"As jy dan wil," sê hy stroef.

Die vreemdeling stop sy pyp – 'n mooi, slanke wit kleipyp – en steek dit op. Die geur is nogal aangenaam. Gou merk Van Hunks dat daar 'n groter rookwolk voor die vreemdeling hang as voor hom, en hy begin dieper intrek en verder uitblaas.

Die vreemdeling doen dieselfde.

Van Hunks se breë bors gaan op en af, op en af. Hy begin nou behoorlik stook – gelukkig het hy sy grootste twaksak net die oggend volgemaak.

Die vreemdeling volg sy voorbeeld. Waar hy sy tabak vandaan haal, kan Van Hunks nie sien nie. Al wat hy weet, is dat hulle pyp vir pyp saam rook en dat die rookwolk om hulle al digter word.

"Kom ons ruil 'n bietjie pype om," stel Van Hunks voor.

Die vreemdeling se oë vernou. Ná 'n rukkie sê hy: "Goed," en hou sy wit kleipyp na Van Hunks uit. Van Hunks stop nog eers sy kromsteel lekker vol voor hy dit aangee.

Hy steek die vreemdeling se kleipyp op en trek. Maar niks gebeur nie – hy kan glad geen rook uit die pyp suig nie. Kwaad draai hy na die vreemdeling. "Dis kullery!" gil hy.

Maar die man kan nie praat nie. Hy het seker te diep aan Van Hunks se pyp getrek en is wit in die gesig. Toe word hy groen.

"Wat is verkeerd?" vra Van Hunks en vee senuweeagtig oor sy fluweelonderbaadjie.

Maar die man kry nie 'n woord uit nie. Hy is nou al pers in die gesig en sy oë rek al groter. Hy wil hoes, maar hy kan nie.

"Wag, laat ek jou help," sê Van Hunks en gee hom 'n flink klap agter die blad.

Maar in plaas van hoes, vlieg die man se punthoed af.

Van Hunks word yskoud. Op die vreemdeling se kop, tussen die welige swart hare, steek twee klein spits horinkies uit!

"Jou derduiwel!" skree Van Hunks. "Jou satanskind, vat jou pyp, ek sal jou wys!"

Die duiwel vat sy wit kleipyp by Van Hunks en Van Hunks vat sy kromsteel terug. En toe rook hulle eers! Hoe die duiwel rook uit sy pyp kry, weet Van Hunks nie, maar die hele Windberg is ná 'n ruk toe onder die rook. Die rook kruip later oor Tafelberg ook, maar al wat kopgee, is Van Hunks en die duiwel. Dag ná dag sit en stook hulle daar.

Jaar ná jaar duur die wedstryd voort. Windberg word later na Duiwelspiek verdoop en die handjievol huise groei tot 'n stad.

Net in die winter word dit te koud, en dan vat die twee 'n blaaskans. Dan gaan die duiwel terug na sy warm plek. Waar Van Hunks dan vertoef, weet nugter, want ná daardie warm somerdag toe die Kaap nog Hollands was, het niemand hom ooit weer van naby gesien nie.

Maar as die wit wolke op 'n lekker winderige dag so van Duiwelspiek af sak en oor Tafelberg tuimel, kyk die mense op na die berg en sê: "Ja-nee, vandag sit en stook Van Hunks en die duiwel weer behoorlik."

## Woordverklarings

**aanmeer** – 'n skip voor en agter in 'n hawe vasmaak
**blaaskans** – pouse, rustyd; afgelei van die manier waarop 'n mens of dier letterlik ophou werk en diep sug om 'n rukkie te rus
**blad** – die skouer se agterkant
**bonkig** – groot van lyf, gespierd
**drinkebroers** – mans wat gereeld saam alkohol drink
**eenoog-verkyker** – verkyker met net een buis
**kaai** – 'n plek waar skepe kan aanmeer
**kleinboer** – iemand wat op 'n klein stukkie grond met min produkte boer
**loopplank** – 'n plank waarop mense tussen die skip en die kaai kan loop
**mynheer** – 'n ou vorm van "meneer", uit Nederlands afgelei
**slonsig** – slordig, vuil
**stook** – diep en baie rook
**stroef** – onvriendelik, somber
**weet nugter** – weet niemand

---

Vrae: Beantwoord eers die vrae op jou eie. Merk daarna jou werk deur die MEMORANDUM te gebruik.

1. Waar dink jy speel hierdie verhaal af? Hoekom sê jy so?
2. Is Van Hunks 'n bekende Suid-Afrikaanse van?
3. Noem 4 beroepe van mense wat op die kaai saamgedrom het met Van Hunks se aankoms.
4. Hoe weet jy dit is nie die eerste keer wat die kapenaars Van Hunks sien nie?
5. Skryf die sin neer waaruit ons kan aflei dat Van Hunks deftig aangetrek was.
6. Hoe weet jy hierdie verhaal het lank gelede afgespeel? Gee 2 redes.
7. Noem 3 kenmerke waaruit jy kan aflei dat hierdie 'n volksverhaal is.
8. In die winter van Van Hunks en die duiwel 'n blaaskans. Beteken dit elkeen kry dan 'n kans (beurt) om rook oor die Kaap te blaas? Verduidelik jou antwoord.
9. Is 'satanskind' een van die duiwel se kinders? Hoekom sê jy so?

Van Hunks en die duiwel MEMORANDUM

1. Die verhaal speel in Kaapstad af
- die illustrasie by die verhaal is Tafelberg
- Daar word verwys na Tafelbaaihawe
- Windberg word later Duiwelspiek
- Daar word verwys na Tafelberg
- ... toe die Kaap nog Hollands was ...
2. Van Hunks is nie 'n bekende Suid-Afrikaanse van nie, want ek het nog nooit voorheen die van gehoor nie.
3. Visventers (visverkopers)
   Vrugtesmouse
   Kleinboere
   Beuelblaser
4. Die persoon wat gefluister het: "dis Van Hunks" het hom herken omdat hy hom al voorheen gesien het.
   Die ander persoon sê: "Maar kyk hoe lyk hy nou!" Dit beteken toe hulle hom laas gesien het, het hy anders gelyk.
5. "En kyk nou – fyn satyn."
6. Die verhaal het lank gelede afgespeel want dit begin met: "In die tyd toe daar nog net 'n handjievol huise teen die hange van Tafelberg gestaan het ..."
   " ... meer daar 'n groot seilskip in Tafelbaaihawe vas..." dui ook op lank gelede, want seilskepe word vir baie lank al nie meer gebruik nie.
   "Jaar na jaar duur die wedstryd voort ..." dui ook daarop dat dit lank gelede al begin het.
7. a) Die verhaal is van geslag tot geslag oorvertel want die mense sê nog steeds "Ja-nee, vandag sit en stook Van Hunks en die duiwel weer behoorlik.
   b) Daar is 'n goeie (Van Hunks) en 'n slegte (die duiwel) karakter as hoofkarakters in die verhaal.
   c) Die storie word oorvertel vir die waarheid.
8. Die blaaskans wat hulle vat beteken hulle vat 'n rustyd. Hulle vat 'n ruskans want dit word dan te koud om buite te sit en rook.
9. Satanskind is nie een van die duiwel se kinders nie. Satanskind is 'n term wat gebruik word vir 'n 'slegte' persoon. Van Hunks noem sy rookmaat dus 'n slegte persoon.

---